

12 Julie

Skrifgedeelte: Job 19-22

Fokusgedeelte: Job 19

Ek weet dat my Losser leef!

Die ergste vir Job in sy bitter lyding is dat God Hom verborge hou. In sy wanhoop sien hy God as die voorbeeld van 'n meedoënlose vervolger. Die vriende volg hierdie voorbeeld na (19:22). Hulle vervolg Job ook.

In sy uiterste wanhoop skiet daar dan opeens 'n ligstraal deur Job se binneste. Daar is so baie dinge wat hy níé weet nie. Daar is ook so baie dinge wat jy en ek vandag nie weet nie. Maar één ding wéét ons, soos Job werklik: "Ek wéét dat my Losser leef; uiteindelik sal hy op die aarde triomfeer" (19:25). Wat 'n heerlike sekerheid. Dis nie 'n sekerheid wat op uiterlike dinge rus nie. Alles is nog pikdonker om Job. Dis 'n sekerheid van die geloof. Dis alreeds iets van daardie oorweldigende geloofsekerheid waarvan Paulus kan getuig: "ek weet in Wie ek geglo het en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe (2 Tim 1:12 OAV).

Job praat van sy Losser. Watter Losser bedoel Job hier? Die woord hier in die oorspronklike is "go-el". In ou Israel was 'n "go-el" 'n persoon wat 'n losprys moes betaal. Hy was aanspreeklik om regsvergoeding in iemand anders se plek te gee. Hy was 'n plaasvervanger en bloedwreker. So kan Job dit uitroep: ek het iemand wat vir my intree en my bloed sal wreek.

Uit die verte sien Job hier, met Geesverligte oë, sý Verlosser, Jesus Christus. Ek wéét Hý lewe vandag: die Gekruisigde, Opgestane, Verheerlikte en Weerkomende. Vir elkeen wat in Hom glo, het Hy die Bron van ewige lewe geword. Hy tree vir ons in! Hy lééf! Leef jý uit Hom?

Sing: Skrifberyming 10:1

Dr PP Kruger (Meyerspark)